

## Verreikende verwickelinge rakende beslaglegging op besoldiging

Op 8 Julie 2015 het die Kaapse Hoë Hof verreikende uitspraak gelewer in 'n klasaksie wat namens verskeie werknemers deur die Universiteit Stellenbosch se Regshulpklyn ingestel is. In hierdie uitspraak word sommige van die bepalings van die Wet op Landdroshowe ongrondwetlik bevind.

'n Doeltreffende wyse waarop mikroleners geld verhaal wat aan hulle verskuldig is, is om te reël dat dit van werknemers se lone afgetrek word. Die debiteur word versoek om skriftelik toestemming te verleen dat 'n beslagleggingsbevel op besoldiging (BBB), ook bekend as 'n "loonbeslagleggingsbevel" deur die landdroshof uitgereik kan word. 'n Werkgewer waarop 'n BBB bedien word, het geen keuse as om sodanige bevel uit te voer nie. Dit het soms tot gevolg dat 'n werknemer kwalik enige geld ná aftrekkings huis toe neem.

### Gebreke

In die loop van hierdie saak is verskeie gebreke in die stelsel uitgelig. Dit sluit in dat:

- daar geen statutêre perk is op die totale bedrag wat van 'n werknemer se besoldiging afgetrek kan word nie (anders as wat die geval is in verskeie ander lande is).
- op grond van die voorgelegde feite, die toestemmingsvorme nie op vrywillige, of ingeligte, grondslag onderteken is nie.
- BBB's deur die klerk van die hof uitgereik kan word, sonder dat daar vooraf geregtelike oorsig (deur 'n Landdros) is oor die billikheid en regverdigheid daarvan;
- BBB's dikwels by afgeleë howe bekom is, buite die jurisdiksie van die hof waarin die werknemers woon of werk.

### Gevolge

Hoewel die aansoek namens 'n groep van 15 mense gedoen is, is dit beduidend dat, onder die vele punte van kritiek oor die misbruik van die stelsel, die hof ook bevind het dat sekere van die bepalings van die Wet op Landdroshowe rakende BBB's ongrondwetlik is. Dit beteken dat die gevolge van die uitspraak nie tot die aansoekers in hierdie saak beperk word nie.

Die vraag is dus nou: Is BBB's steeds afdwingbaar en wat staan werkgewers te doen? Daar sal waarskynlik baie omstredeheid rondom die praktiese gevolge van hierdie uitspraak wees. Ons beveel aan dat werkgewers, ten minste vir nou, regsadvies inwin voordat beslagleggingsbevele op besoldiging verontagsaam word.



Vir 'n afskrif van die uitspraak, sien [http://www.labourwise.co.za/wp-content/uploads/2015/07/Emolument-attachment-orders\\_2015\\_Univ-Stellenbosch-Legal-Aid\\_HC.pdf](http://www.labourwise.co.za/wp-content/uploads/2015/07/Emolument-attachment-orders_2015_Univ-Stellenbosch-Legal-Aid_HC.pdf)

*Artikel geskryf deur Jan Truter van Labourwise*

[www.labourwise.co.za](http://www.labourwise.co.za) is 'n aanlyn arbeidsbetrekkingediens wat ten doel het om werkgewers met die inwerkingstelling van doeltreffende arbeidsbetrekkinge van hulp te wees. Hulle kan via die webtuiste of by [info@labourwise.co.za](mailto:info@labourwise.co.za) gekontak word.